

KEN JOU GRONDWET!



Die Republiek van Namibië • Maart 1990



Legal Assistance Centre

OPDRAG

Hierdie boekie is toegewy aan al diegene wat hierdie grondwet moontlik gemaak het deur hulle toewyding en opoffering vir 'n vrye, demokratiese en onafhanklike Namibië.

BEDANKINGS

Hierdie boekie is hoofsaaklik deur Dianne Hubbard geskryf, ondersteun deur ander personelede van die Legal Assistance Centre. Die grafiese werk is gedoen deur Dudley Viall en die uitleg werk deur Perri Caplan.

Die eerste weergawe van hierdie boekie is in 1990 gepubliseer met fondse van die Legal Assistance Centre en die Council of Churches in Namibië. Dit was hersien en oorgedruk in 2015 met fondse van die Parliamentary Support Project. In 2018, was die boekie weer hersien en in 2019 was dit vertaal en oorgedruk met fondse van die Hanns Seidel Foundation.

Hierdie boekie is baie kort en eenvoudig so dat dit maklik in ander Namibiese tale kan vertaal word en die gewone publiek dit kan verstaan.

Hierdie boekie is ook beskikbaar in Engels,
Oshiwambo, Otjiherero en Rukwangali.

Eerste druk deur Namib Graphics, 1990; hersiende uitgawe gedruk deur John Meinert Printing (Pty) Ltd, 2019.

© **Legal Assistance Trust**
P.O. Box 604, Windhoek

ISBN 978-99945-61-54-4

'N OPSOMMING VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN NAMIBIË

*Hierdie boekie is 'n opsomming van sekere
belangrike gedeeltes van die Namibiese Grondwet.
Dit sluit nie al die inhoud van die Grondwet in nie.*

Die Grondwet is die hoogste en belangrikste wet in Namibië. Dit beteken dat al die ander wette in Namibië teen die Grondwet getoets kan word. Niemand mag teen die regte oortree wat deur die Grondwet beskerm word nie.

Die Grondwet begin met 'n inleiding wat die belangrikheid daarvan verduidelik. Die Namibiese Grondwet beskerm die voordele wat gekom het met die oorwinnende stryd teen apartheid, rasisme en kolonialisme. Dit beskerm die waardigheid en fundamentele regte van al die mense – insluitende die reg op lewe, vryheid en die strewe na geluk. Alle Namibiërs het nou gelyke regte, sonder diskriminasie. Die Grondwet se beskerming van almal se fundamentele regte is noodsaaklik vir vryheid, geregtigheid en vrede in Namibië.

Die Grondwet sê dat die mense van Namibië verbonde is met nasionale versoening, vrede, eensgesindheid en 'n gemeenskaplike lojaliteit teenoor die Namibiese nasie. Dit bevorder die beginsel van geregtigheid, vryheid, regverdigheid en 'n gevoel van gemeenskap.





DEMOKRASIE EN DIE REËL VAN DIE WET

Die Republiek van Namibië is 'n onafhanklike, demokratiese, verenigde nasie wat op demokrasie, reël van die wet and geregtigheid van almal gebaseer is.

Die Reël van die Wet beteken dat almal moet die wette gehoorsaam, selfs mense in posisies van mag. Dit beteken ook dat wette aan almal ewe gelyk toegepas moet word, en dat almal die reg het om hulp te soek by howe as die wette nie gevolg word nie.

Alle mag behoort aan die mense van Namibië. Die mense beoefen hierdie mag deur die demokratiese verkiesing van verteenwoordigers tot die regering.

DIE DRIE TAKKE VAN DIE REGERING

Daar is drie takke van regering:

- die **uitvoerende gesag** (die President, Vise-President en die Kabinet)
- die **wetgewende mag** (Parlement)
- die **regbank** (die Geregshowe).

Die mag wat die regering bestuur is onder die drie takke verdeel sodat hulle mekaar kan kontroleer en balanseer. Dit help om seker te maak dat geen een persoon te magtig word en dat die regeringsmag nie misbruik word nie. Dit help voorkom ook die misbruik van regerings mag.



**REGERING
VIR DIE MENSE
DEUR DIE MENSE**



TAAL

Namibië se amptelike taal is Engels. Skole is wel toegelaat om ook ander tale te gebruik, waar nodig vir effektiewe onderrig. Verder kan parlement ook wette inbring wat regeringsamptenare en howe in verskillende dele van Namibië toelaat om die tale te gebruik wat deur die mense in daardie streke gebruik word.

BURGERSKAP

Die volgende persone is Namibiese burgers:

- Enige persoon wat in Namibië gebore is van 'n pa of ma wat 'n Namibiese burger is OF van 'n nie-Namibiese ouer wat gewoonweg in Namibië woon.
- Enige persoon wat buite Namibië gebore is deur 'n pa of ma wat 'n Namibiese burger is, AS die wet sulke registrasie toelaat.
- Enige persoon wat met 'n Namibiese man of vrou in goedgesindheid getroud is EN wat al ten minste 10 jaar sedert die huwelik in Namibië woon.
- Enige persoon wat vir ten minste 10 jaar in Namibië gewoon het EN voldoen aan dié soort burgerskap vereistes.



FUNDAMENTELE MENSEREGTE EN VRYHEDE

Fundamentele menseregte en vryhede is die belangrikste regte in 'n demokratiese gemeenskap. Die regte wat in die Grondwet gelys word moet deur alle regeringsliggame en amptenare en van alle mense in Namibië gerespekteer word. Dit is die howe se plig om hierdie regte toe te pas. Hulle is soos volg:

DIE REG OP LEWE (Artikel 6)

Alle mense het die reg om te lewe. Die doodstraf kan nie meer in Namibië gebruik word nie, maak nie saak watter misdadig gepleeg is nie.

DIE REG TOT VRYHEID (Artikel 7)

Vryheid is die reg om vry te wees. Niemand kan 'n ander persoon se vryheid wegneem nie, tensy dit volgens die wet gedoen is. Dit beteken dat die wet gevolg moet word wanneer 'n persoon in hegtenis geneem word. Dit help om te verseker dat inhegtenisneming nie vir persoonlike of politiese redes misbruik word nie.

RESPEK VIR MENSWAARDIGHEID (Artikel 8)

Die waardigheid van elke mens moet gerespekteer word. Dit beteken dat alle regeringsliggame en alle howe die mense wat voor hulle verskyn met respek moet behandel.

Niemand mag gemartel of in enige wreed manier gestraf word nie, nie eens 'n persoon wat vir 'n misdadig skuldig bevind is nie.

FUNDAMENTELE MENSE REGTE EN VRYHEDE



SLAVERY EN DWANGARBEID (Artikel 9)

Daar word geen slawerny of dwangarbeid in Namibië toegelaat nie. Maar hierdie reël geld nie vir arbeid wat deur die hof bevel is nie (soos arbeid wat deel van 'n vonnis is) of redelike arbeid as deel van gemeenskaps diens.

GELYKHEID EN VRYHEID VAN DISKRIMINASIE (Artikel 10)

Alle mense is gelyk voor die wet.

Daar mag teen geen persoon op grond van geslag, ras, kleur, etniese oorsprong, godsdiens, geloof of sosiale of ekonomiese status gediskrimineer word nie.

ARRESTASIE EN AANHOUDING (Artikel 11)

Niemand kan gearresteer of aangehou word tensy daar 'n grondige rede en korrekte wetlike prosedures gevolg is.

Enigeen wat in hegtenis geneem word moet ingelig word oor die rede vir die arrestasie, in 'n taal wat hy of sy kan verstaan.

Enigeen wat in hegtenis geneem word moet binne 48 uur voor 'n landdros verskyn, of binne 'n redelike tydperk daarna. Dit gee die persoon kans om vir borgtog aansoek te doen of om die landdros oor enige mishandeling in te lig.

REGVERDIGE VERHOOR (Artikel 12)

Enigeen wat aangekla is van 'n misdaad het 'n reg op 'n regverdige verhoor deur 'n onafhanklike en onpartydige hof. 'n **Onafhanklike** hof kan nie deur enige iemand gesê word wat om te besluit nie, nie eens deur 'n regeringsamptenaar of die president nie.

'n **Onpartydige** hof sal nie beïnvloed word deur 'n persoon se ras, geslag, etniese oorspronk of politieke oortuiging nie. Dit sal net na die feite van die saak en die wet kyk.

Alle verhore moet binne 'n redelike tydperk plaasvind. As die vertraging onredelik is, moet die persoon wat aangekla word vrygelaat word as die persoon nog nie op borg uit is nie.

Die hof moet alle persone wat aangekla is as onskuldig hanteer totdat daar in die hof bewys is dat die persoon skuldig is, nadat die persoon 'n kans gehad het om sy kant van die storie te lig.

Persone wat krimineel aangekla is het die reg om van 'n regsverteenvoerder van hulle keuse gehelp te word om hul onskuld te bewys.

Niemand kan gedwing word om bewyse teen hulself te lewer nie of teen hulle eggenoot te getuig (dit geld vir albei 'n siviele of tradisionele huwelik).

Niemand kan meer as een keer vir dieselfde oortreding verhoor word nie. Niemand kan gevonnissen word vir 'n misdaad wat eers later van tyd 'n oortreding geraak het nie.

PRIVAATHEID (Artikel 13)

Alle mense het 'n reg tot privaatheid in hul eie huise. Die regering mag nie hul briewe oopmaak of na hulle telefoongesprekke luister nie. Maar daar kan uitsonderings op hierdie reël wees vir redes van nasionale sekuriteit of veiligheid of vir die beskerming van die gemeenskap.

As die polisie of ander owerhede iemand se huis wil deursoek, moet hulle 'n lasbrief kry by die hof, of die wetlike prosedure volg wat vir sulke situasies opgestel is.

FAMILIE (Artikel 14)

Alle volwasse mans en vroue het die reg om te trou en 'n gesin te hê, ongeag hulle ras, etniese oorsprong, godsdiens of sosiale of ekonomiese status. Mans en vroue moet gelyke regte het in die huwelik EN ten opsigte van egskeiding of dood.

Mense kan nie gedwing word om teen hul wil te trou nie. Dit geld vir mans en vroue.

Die gesin is die basiese eenheid van die gemeenskap en moet dus deur die gemeenskap en die staat beskerm word.

KINDERREGTE (Artikel 15)

Alle kinders het die reg op 'n naam en 'n nasionaliteit vanaf geboorte. Hulle het ook die reg om te weet wie hul ouers is en deur hul ouers versorg te word, alhoewel wette wat ingestel is om na die beste belange van die kind te kyk hierdie reg kan omverwerp as dit nodig is.



Kinders moet beskerm word teen ekonomiese uitbuiting. Kinders onder die ouderdom van 16 mag nie werk doen wat gevaarlik is vir hul gesondheid of hul vooruitgang of as dit in hulle onderwys inmeng. Kinders onder die ouderdom van 14 mag nie in 'n fabriek of 'n myn werk nie, behalwe as die tiepe werk die voorwaardes nakom van 'n wet wat deur parlement goedgekeur is om hulle te beskerm.

Geen boer of enige ander werkgewer mag kinders dwing om werk te doen net omdat hulle ouers by hulle werknemers is.

Daar mag geen voorkombare aanhouding van kinders onder 16 jaar wees nie (dit beteken aanhouding van iemand sonder om die persoon wettig aan te kla).

EIENDOM (Artikel 16)

Alle mense het die reg om grond en ander soorte eiendom in enige deel van Namibië te besit.

Die Regering en ander liggame kan private eiendom wegneem om die publiek se belange te beskerm, solank hulle die eienaar presiese vergoeding betaal soos vasgestel deur 'n wet van parlement vir hierdie doeleinde.

POLITIEKE AKTIWITEIT (Artikel 17)

Alle Namibiese burgers het die reg om deel te neem aan vreedsame politieke aktiwiteite. Hulle kan by politieke partye aansluit of nuwe politieke partye vorm.

Alle burgers het die reg om aan openbare aangeleenthede van Namibië deel te neem, deur 'n openbare amp te beklee of verteenwoordigers tot die regering te verkies.



Elke burger wat ten minste 18 jaar oud is kan stem. Elke burger wat ten minste 21 jaar oud is kan tot 'n openbare amp verkies word.

ADMINISTRATIEWE GERECHTIGHEID (Artikel 18)

Elke regeringsamptenaar of besluitnemings liggaam moet regverdig en redelik optree, en moet die wet nakom. Persone wat glo en voel hulle is deur 'n regeringsamptenaar onregverdig behandel kan na die howe gaan vir hulp.

KULTUUR (Artikel 19)

Alle mense het die reg tot hulle eie kultuur, taal, tradisies en godsdienste, maar niemand mag hierdie reg so gebruik dat dit in die regte van enige ander persoon of die nasionale belang van Namibië inmeng nie.

ONDERWYS (Artikel 20)

Alle mense in Namibië het die reg op onderwys. Laer onderwys moet gratis vir almal by regeringsskole wees en alle kinders moet skool toe gaan totdat hulle hul laer onderwys voltooi het of totdat hulle 16 jaar oud is.

VROU EN MANS



IS GELYK

FUNDAMENTELE VRYHEDE (Artikel 21)

Almal het hierdie regte:

- **Vryheid van spraak en uitdrukking**

Dit is die reg van alle mense om vrylik te praat, selfs as dit 'n standpunt is wat die regering kritiseer of 'n idee wat baie ongewild is. Dit sluit in vryheid van die pers (koerante, radio en televisie). Vryheid van spraak verseker dat belangrike kwessies deur alle Namibiërs vrylik bespreek en gedebatteer kan word.

- **Vryheid van denke, gewete en geloof**

Dit beteken dat alle mense vry is om te dink en glo wat hulle wil, solank dit nie inbreuk maak op die regte van iemand anders nie. Hierdie reg sluit ook akademiese vryheid in universiteite instansies en onderwyskolleges in.

- **Vryheid om enige godsdiens te beoefen**

Die regering kan nie enige godsdiens verbied nie. Alle mense is vry om te aanbid soos hulle verkies.

- **Vryheid om vreedsaam te vergader**

Mense is vry om saam te kom vir vergaderings, solank hulle dit in 'n vreedsame manier doen en geen wapens dra nie.

- **Vryheid van assosiasie**

Dit is die vryheid om vir enige wettige doel met ander mense saam te kom. Dit beskerm die reg om groepe te vorm soos vakbonde en politieke partye.

- **Die reg om te staak**

Werknemers het die reg om te staak. Wette mag redelike reëls instel vir stakings, solank dit nie alle tiepe stakings onwettig maak nie.

- **Die reg om vrylik te beweeg in Namibië**

Niemand kan tot 'n bepaalde gebied in Namibië beperk word nie. Almal in Namibië is vry om na enige deel van Namibië te reis.

- **Die reg om in enige deel van Namibië te leef**

Geen deel van Namibië kan voorbehou word vir mense van 'n enkele etniese groep.

- **Die reg om Namibië te verlaat en terug te keer**

Alle Namibiese burgers het die reg om 'n Namibiese paspoort te kry en na ander lande te reis.

- **Die reg op enige soort werk**

Alle werk moet oop wees vir enige persoon wat die nodige kennis en vaardigheid het, sonder enige onregverdige diskriminasie.

Parlement kan wette opstel oor hoe hierdie regte uitgeoefen word, maar kan geeneen van hulle wegvat nie.

FUNDAMENTELE VRYHEDE

VRYHEID VAN SPRAAK EN UITDRUKKING
VRYHEID OM ENIGE GODSDIENS TE BEOEFEN
VRYHEID VAN ASSOSIASIE, OM VREEDSAAM
EN SONDER WAPENS TE VERGADER,
EN VAN DENKE, GEWETE EN GELOOF
DIE REG OM TE STAAK, ENIGE SOORT WERK
TE DOEN, VRYLIK TE BEWEEG IN NAMIBIË
EN IN ENIGE DEEL VAN NAMIBIË TE LEEF,
EN NAMIBIË TE VERLAAT EN TERUG TE KEER



APARTHEID EN REGSTELLEDE AKSIE (Artikel 23)

Die praktyke van rasse diskriminasie en apartheid wat meerderheid Namibiërs vir lank laat swaarkry het is nou onwettig. Parlement kan wette toepas wat hierdie praktyke 'n kriminele oortreding maak en ernstige straf toedien.

Parlement mag wette goedkeur wat spesiale hulp aan mense gee wat in die verlede benadeel was deur diskriminasie. Regerings beleid en programme kan probeer opmaak vir diskriminasie van die verlede. Dit kan ook stappe neem om seker te maak dat die regeringsposte, insluitende poste in die weermag, geballanseer is. (Dit beteken om seker te maak dat die poste nie deur wit mense of enige ander etniese groep oorheers word nie, of deur mans of vroue).

Die grondwet wys daarop dat vroue in die verlede aan buitengewone diskriminasie gely het. Dit dui daarop aan dat parlement spesiale stappe mag neem om vroue te help om gelyke rolle in alle areas van lewe in Namibië uit te voer.

TOEPASSING VAN FUNDAMENTELE REGTE EN VRYHEDE (Artikel 25)

Niemand het die gesag om 'n ander persoon se basiese regte en vryhede weg te neem – nie 'n tradisionele leier of enige regeringsamptenaar, nie eers die parlement of die president nie.

Mense wat dink dat iemand in hulle regte ingemeng het kan na 'n hof vir hulp gaan en die hof kan 'n bevel uitgee wat hulle sal beskerm. Die hof kan 'n bevel uitreik om hulle te beskerm. Die hof kan besluit om die spesifieke wet te herroep omdat dit met die grondwet bots, of vir parlement opdrag gee om die probleem op te los binne 'n sekere tydperk. Die hof kan ook geld aan mense toeken wat skade gely het omdat hul regte oortree is. Slegs die Hoerhof en die Opperste Hof hanteer vrae oor die Grondwet.

Mense kan ook klagtes aan 'n regeringsamptenaar, die **Ombudsman** rig. Die Ombudsman is 'n prokureur of 'n regter wat deur die president aangestel is om te waak dat staatsamptenare nie hul mag misbruik nie en te help dat fundamentele regte en vryhede van alle mense beskerm word.



NOODTOESTANDE

Indien daar 'n situasie opkom wat die lewe van die nasie of die bestaan van die grondwet of regering bedreig, kan die president 'n **noodtoestand** verklaar.

Hierdie besluit moet wel deur die Nasionale Vergadering bevestig word.

Gedurende 'n noodtoestand kan mense bo 16 sonder verhoor aangehou word, maar die Grondwet maak voorsiening vir spesiale beskerming

vir diegene. Die president is toegelaat om sommige van die basiese regte en vryhede weg te neem gedurende 'n noodtoestand, maar daar is 'n paar regte wat **nooit** weggeneem mag word nie – soos die reg op lewe en menslike waardigheid, die reg na gelykheid, die reg op 'n billike verhoor, vryheid van spraak en denkwyse, vryheid van verbinding, die reg om 'n prokureur te raadpleeg en die reg om na 'n hof vir hulp te gaan.

DIE UITVOERENDE TAK

Die President

Al die burgers van Namibië wat wettig kan stem verkies die president. Dit beteken dat kiesers stem wie hul President gaan wees, in plaas van 'n politieke party. 'n Persoon moet meer as die helfte van die stemme kry tydens 'n presidents-verkiesing om 'n President te word.

Enige Namibiër bo die ouderdom van 35 kan hulle self beskikbaar stel om as president verkies te word. Elke president lei 'n 5 jaar termyn en 'n persoon kan net twee keer as President verkies word.

Die President moet 'n eed aflê om die Grondwet te handhaaf en te verdedig as die hoogste wet van die Republiek van Namibië.

Die President kies 'n vise-president, eerste minister, ministers en ander belangrike regeringsamptenare. Die President het die opsie om 'n adjunk-president aan te stel, maar dit is nie verpligtend nie. Die President rig ook verskillende ministeries en regerings departemente in die regering op wat na die regering se besigheid omsien.

Enige aksie geneem deur die President kan deur die Nasionale Vergadering hersien en verander word, as twee derdes van die lede van die Nasionale

Vergadering dink dat dit nodig is. Die Nasionale Vergadering kan ook die President van kantoor verwyder deur 'n twee derdes stem van die lede as die President nie die Grondwet of enige ander wet nie gehoorsaam nie, of vir ernstige wangedrag. Dit is deel van die balans van mag tussen die Uitvoerende tak en die Wetgewende tak.

Die Kabinet

Die Kabinet is 'n groep regeringsamptenare wat die President, die adjunk-president, die premier, die adjunk-premier en die ministers van elke regeringsdepartement insluit.

Die funksies van die Kabinet is om toesig te hou oor die werk van al die regerings-ministeries en departemente asook om te help besluit oor regeringsbeleide.


DIE WETGEWENDE TAK

Die Nasionale Vergadering

Die Nasionale Vergadering het die mag om wette vir Namibië op te stel.

Die lede van die Nasionale Vergadering moet al die inwoners van Namibië verteenwoordig. Hulle moet in hul besluite deur die Grondwet, die openbare belang en hulle eie gewetens gelei word.

Daar is 96 lede in die Nasionale Vergadering wat elke 5 jaar deur die inwoners gekies word. Kiesers stem vir die politieke party van hul keuse. Die politieke partye kies dan die individue wat namens hulle na die Nasionale Vergadering sal gaan.



Die president het ook die mag om 8 addisionele mense met spesiale ervaring, vaardighede of posisies vir die Nasionale Vergadering by te voeg. Hierdie lede het nie die reg om in die Nasionale Vergadering te stem nie.

Net soos die president, moet al die lede van die Nasionale Vergadering 'n eed aflê om die grondwet te handhaaf en verdedig.

Die lede van die Nasionale Vergadering is dienaars van die inwoners van Namibië. Daar word van hulle verwag om met waardigheid op te tree en hulle mag hulself nie verkeerdelik verryk of van die volk verwyder nie.


Die bymekaarkoms van die Nasionale Vergadering moet gewoonweg vir die publiek toeganklik wees.

Die Nasionale Raad

Die Nasionale Raad help die Nasionale Vergadering met die taak van wette opstel.

Die Nasionale Raad het 3 lede uit elke streek in Namibië. Die inwoners van elke streek verkies persone van hul streek tot die streeksraad. Elke streeksraad kies dan 3 van sy lede om op die Nasionale Raad vir 5 jaar te dien.

Die belangrikste taak van die Nasionale Raad is om advies aan die Nasionale Vergadering te gee oor die wette wat die Nasionale Vergadering oorweeg. Die Nasionale Raad het nie die mag om wette op sy eie op te stel nie. Dit kan slegs voorstelle aan die Nasionale Vergadering maak.



DIE REGTERLIKE TAK

Die regterlike tak sluit al die geregshowe in Namibië in.

Al die houe is onafhanklik. Dit beteken dat hulle slegs die Grondwet en die wet volg. Niemand kan vir die houe sê hoe hulle 'n saak moet besluit nie, nie eens enigiemand van die ander takke van die regering nie.

Die hoogste hof in Namibië is die **Hooggeregshof**. Die hoof van hierdie hof is die Hoofregter. Ten minste drie regters moet saamwerk om 'n saak in die hooggeregshof te besluit. 'n Besluit van die Hooggeregshof moet deur al die ander houe en al die inwoners van Namibië nagekom word. Die Hooggeregshof het die spesiale plig om finale besluite te neem oor enige vrae oor die grondwet en die fundamentele regte en vryhede wat die grondwet beskerm. Dit is deel van die balans van mag tussen die Hooggeregshof en die ander takke van die regering.

Die volgende hoogste hof in Namibië is die **Hoërhof**. Die hoof van die Hoërhof is die Regter-President.

Daar is ook **Laer Howe**, wat die landdroshoue insluit. Die Parlement kan wette opstel wat toestemming gee om ander laer houe oop te maak, soos gemeenskapshoue. Laer Howe hoor sakke aan wat minder

ernstig is. Laer Howe het nie die mag om sakke wat oor die Grondwet gaan aan te hoor nie.

Al die regters vir die Hooggeregshof en die Hoërhof word deur die President aangestel. Alle regters moet 'n eed aflê om die Grondwet as die hoogste wet van Namibië te verdedig en handhaaf en om geregtigheid aan al die mense sonder begunstiging of vooroordeling onbevrees toe te pas.

HOE WETTE OPGESTEL WORD

Hoewel die Nasionale Vergadering die hoof verantwoordelikheid vir die opstel van wette het, het al drie takke van die regering 'n deel in hierdie taak.

'n Voorstel vir 'n wet is 'n “wetsontwerp”. 'n Wetsontwerp kan deur die President voorgestel word, deur 'n lid van die kabinet of 'n lid van die Nasionale Raad of die Nasionale Vergadering.

Enige wetsontwerp wat 'n wet voorstel, word aan die Nasionale Vergadering voorgestel vir stemming. Die Nasionale Vergadering kan die wetsontwerp bespreek en veranderinge doen. Die wetsontwerp kan ook aan 'n komitee vir spesiale ondersoek gestuur word. Die wetsontwerp moet deur meer as die helfte van die lede van die Nasionale Vergadering goedgekeur word om verder te gaan.

Die Nasionale Vergadering stuur dan die wetsontwerp na die Nasionale Raad vir advies. Die Nasionale Raad kan tot 3 maande vat om die wetsontwerp te bestudeer. Dit kan dan aanbevelings aan die Nasionale Vergadering doen. Die Nasionale Vergadering hoef nie al die aanbevelings van die Nasionale Raad te volg nie, maar hulle moet weer oor die wetsontwerp stem nadat dit die mening van die Nasionale Raad gehoor het.



Ken Jou Grondwet!

Indien die Nasionale Raad sterk besware teen 'n wetsontwerp het, dan moet dit deur minstens twee derdes van die lede van die Nasionale Vergadering goedgekeur word om voort te gaan.

Alle wette moet deur die President onderteken word voordat hulle wette word. Indien die President nie met 'n wetsontwerp saamstem en weier om dit te teken, dan moet die Nasionale Vergadering weer oor die wetsontwerp stem. As 'n wetsontwerp deur minstens twee derdes van die lede van die Nasionale Vergadering goedgekeur word, kan selfs die President nie verhoed dat dit 'n wet word nie.

Indien die President weier om 'n wetsontwerp te teken omdat hy of sy van mening is dat die wetsontwerp die grondwet oortree, dan kan die howe gevra word om te besluit. As die howe besluit dat die wetsontwerp in konflik is met die Grondwet, dan kan die wetsontwerp nie 'n wet word nie.

Deur dit so te doen, handhaaf die uitvoerende tak en die regterlike tak toesig oor die wet opstellings-proses van die wetgewende mag.

Al die wette wat teen onafhanklikheid van krag was bly so totdat hulle deur Parlement weggeneem of verander word, of totdat die howe besluit dat hulle in stryd is met die Grondwet. Dit sluit in tradisionele regte, wat wette is wat deur die tradisionele magte bestuur word.



PLAASLIKE REGERING

Namibië is in **streke** op die basis van waar mense leef verdeel – die streke mag **nie** baseer word op ras, kleur of etniese oorsprong van die inwoners nie. Die volk in elke streek verkies 'n streeksraad om kwessies in hulle streek aan te spreek.

Daar is ook **kleiner eenhede van plaaslike regering**. Elke eenheid van die plaaslike regering het 'n raad wat deur die mense in die gemeenskap gekies is om sake van die gemeenskap aan te spreek.

Daar is ook 'n Raad van Tradisionele Leiers wat die president adviseer oor die beheer en gebruik van kommunale land.

WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Die grondwet kan net verander word as die verandering goedgekeur is deur:

- 1) Twee derdes van die lede van die Nasionale Vergadering en twee derdes van die lede van die Nasionale Raad

OF

- 2) Twee derdes van die lede van die Nasionale Vergadering en twee derdes van die inwoners van Namibië wat hulle opinie oor die voorgestelde verandering gegee het in 'n spesiale verkiesing wat genoem word 'n volkstemming.

Maar niemand het die mag om die Grondwet so te verander dat dit die vernaamste regte of vryhede wegneem. Hierdie regte word deur die Grondwet beskerm vir al die Namibiërs, vir altyd.



LEGAL ASSISTANCE CENTRE



**Hanns
Seidel
Foundation**